

God se gedagtes is nie ons gedagtes nie

Met 'n diepe versugting sê die mens dikwels in sware smart bedolwenheid: Ons moenie mekaar dié vrae vra nie, want “die HERE se weë is nie ons weë nie, en sy gedagtes is nie ons gedagtes nie.” Die mens mag wik, maar God beskik, lui die ou spreekwoord wat tog so waar is. Slaan ons die bal met die aanhaling totaal mis? Nee, maar die musiekleier moet hierdie lied, wat 'n pragtige Psalm is, laat sing. Dit moet gesing word as die ellende en die lyding verby is. Ja, ons moet dit sing as ons eers weer kan terugkyk. Maar nou duisel ons gedagtes, want hier is ons besig met 'n magtige stuk geloof van vooruitskouing.

Geloof is tog die bewys van die dinge wat ons nie sien nie. Hier word met 'n bevel gesing dat die ganse aarde moet juig tot eer van God. Maar hoe kan dit? Het God dan nie na die sondeval gesê: “Vervloek is die aarde om jou ontwil” nie? Die mens het die sonde gedoen en die aarde word weens die mens se oortreding vervloek. Ons wil bykans sê dat die aarde onskuldig vervloek word, maar tog word die aarde hier al opgeroep om te juig. Wie van ons sal kan bly wees as ons vals beskuldig word? Hoe kan jy dan juig as jy onskuldig beskuldig word? Ons sien al die kruis.

Hier moet die koorleier die Psalmlied laat opklink in die taal van die geloof! Die geloof gryp jou in jou binneste aan, selfs as die waters van beproewing oor jou gaan. Hoe treffend sing die 1936-beryming van Psalm 42:5: “Maar die Here sal in my lewe weer oordag sy guns gebied. Ook deur donker nag omgewe, sing ek nog my pelgrimslied.”

DIT IS ALLES MOONTLIK, WANT DIE HERE JESUS KOM! In Christus se kruisdood en opstanding word die geloofskind se sondes weggewas. Die ellende waardeur die digter van Psalm 66 gegaan het, dwing by hom 'n loflied af, want die loflied moet God se ewige trou en genade dra oor die pieke van vreugde en ons laat huppel by die ervaring van God se genade in ons persoonlike lewe en lyde. Dit wil in duidelike taal vir ons uitspel dat ons uit elke beproewing net sterker uitkom en altyd nader aan God. O, en dan kan ons net leef tot eer van die Here, want ons behoort aan die Here. En as ek aan die Here behoort, behoort die Here ook aan my.

Sing: Psalm 42:1, 5 (1936)

Ds Andries H Mulder (Emeritus)